HERBS

No. 100 **Junie 2011**

Hierdie geillustreede nuusbrief bied die jongste Hermanus Botaniese Vereniging se nuus en menings oor die fynbostoneel. Dit verskyn ook op ons webtuiste
www.fernkloof.com

100 ste Uitgawe

Hierdie-nommer van Herbs kondig die 100ste uitgawe aan van die Hermanus Botaniese Vereniging se Nuusbrief

Die eerste uitgawe is in Junie 1986 gedruk. Die destydse Voorsitter, dr. W. Dickie-Clark het Mari Fouche bedank omdat sy 'die eerste publikasie onderneem het' en die hoop uitgespreek dat hierdie nuusbrief elke drie maande 'aan julle, die lede gestuur sal word'. Hierdie hoop is inderdaad bewaarheid!
Van tikmasjiene tot sleutelborde, van swart-en-wit tot kleur, en van koeverte lek en seëls plak tot die internet, is die hoop steeds daar dat dit sal aanhou inlig en hopelik alle BotSoc-lede nog vir vele jare sal onderhou.
Erkenning moet aan vorige redakteurs gegee word: Jose Burman, Lee Burman en Geraldine Gardiner .
Dit is gepas dat die hoof bydrae tot hierdie uitgawe een moet wees van Anne Bean, 'n lid van BotSoc en jarelange lid van die Fernkloof Adviserende Raad.

DIE 'LIGTER' KANT VAN BOTANISERING!

Anne Bean was vir dertig jaar die Wetenskaplike Beampte by die Bolus-herbarium aan die Universiteit van Kaapstad en is mede-outeur van twee veldgidse : 'Hottentots Holland to Hermanus' saam met Lee en Jose Burman en 'Stellenbosch to Hermanus' saam met Amida Johns.

Een van die aangenaamste aspekte van die beroepsbotanis se lewe is die veldtoer. Wanneer die aanvanklike opname van die gedroogde spesimens in die herbarium voltooi is, en daaruit die hoof probleemareas in die groep kristalliseer, is die tyd ryp om uit te kom en jou plante in die natuur waar te neem. **(Op die foto verskyn Anne regs, met botanis-kollegas Michael Viviers, Wendy Hitchcock en Jan Vlok, gereed om Baviaanskloof toe te vertrek – let op die groot hout- blomperse bo op!)**. Stel 'n lys saam van die mees logies-paslike plekke wat met hierdie geleentheid besoek word en kry al die 1:250 000 kaarte wat jy sal nodig hê om saam te neem, bymekaar. Nou moet jy seker maak dat jy die nodige toestemming het om dié gebied te verken; jy het 'n versamelpermit van die toepaslike regeringsdepartement nodig wat aan jou die toestemming sal verleen om monsters van sekere plante te versamel (wat jy vooraf op hulle vorm moet aandui, en dìt slegs nadat skriftelike toestemming van die grondeienaar verkry is). Voordat jy die plek gesien het, sal jy nie weet watter spesies jy daar sal aantref nie, dus sal kreatiewe briefwisseling noodwendig volg.

Groot dele van die veld word sò oorbewei deur skape en bokke dat jy sal sien dat dit tydmors is om verder ondersoek in te stel, maar jy kan dit nie vooraf weet nie.

Jy sal, daarbenewens, geen naam hê om te koppel aan die nuwe plante wat jy ontdek het tot lank na jy terug is van jou toer nie; soms eers na verskeie jare as die plant onbekend is aan die wetenskap; amptelik, egter, mag jy geen plante versamel wat nie ’n naam het nie. Aangesien dit vrugteloos is om na plekke te gaan waar die plante reeds benoem is, is jou ekspedisie van meet af aan tot by land-van-die-onbekende vasgevang in ’n web van onberekenbaarhede. Die waarheid is dat jy al die plante versamel wat jy dink van belang sal wees want hulle is vol in blom of dra vrugte en omdat feitlik nêrens in die Kaap botaniste sò deeglik ingesamel het dat niks wat jy op jou toer sien van belang sal wees nie. Jy kan ’n veilige aanname maak dat enige blommateriaal van feitlik enigiets die moeite sal loon om te versamel.As jy hulle eers raakgeloop het, sal jy ’n brandende begeerte hê om die identiteit van jou vreemde versamelings te ken. Dit is een van die opwindendste aspekte van jou toer. Trouens, jy begeef jou nou op die fynste kern van jou werk. Jy en Darwin..... ’n Kas boeke word nou langs die kaartrol op die karsitplek geplaas sodat jy die eerste tentatiewe identifikasies kan maak terwyl jy na die volgende versamelpunt toe ry.

Jy kom nog een dokument kort: die geskrewe toestemming van die grondeienaar om op sy plaas in te samel. Jy kan nie voorsien watter deel die moeite werd sal wees om te verken alvorens jy dit onder oë gehad het nie. Wanneer jy ’n belowende stuk grond sien wat na onontginde veld lyk, is daar nog geen maklike manier om uit te vind wie die eienaar is nie; dikwels vir kilometers in omtrek is geen opstal sigbaar nie; miskien agter die naaste koppie of berg. Dikwels word die hele dag nie ’n lewende siel gesien nie. Daar is twee moontlike tegnieke om die eienaar uit te skud. Die eerste behels deurklim deur die draadheining (indien enige) met snoeiskêr en versamelsakkies, om dan te begin met die vooropgestelde taak. Jy sal weet jy het die eienaar gevind wanneer hy ’n skoot skiet, hopelik oor jou kop. Die gesindheid waarin die opvolgende gesprek gaan plaasvind, sal afhang van hoeveel van sy skape in die afgelope tyd gesteel is. Jy hoop hy sal hoflik genoeg wees om na jou verduidelikings te luister. ’n Afwisseling van jou strategie sou wees om, saam met jou snoeiskêr en plastiekversamelsakkies, ’n rol toiletpapier en ’n troffeltjie te dra. Jy sal gewoonlik gebukkend besig wees om jou skatte te versamel wanneer jy hom sien aankom, dan bêre jy gou plastieksakkies en skêr agter ’n maklik herkenbare bossie en kom dan te voorskyn terwyl jy jou klere regtrek, met die toiletrol en troffel duidelik sigbaar. Hy sal selde ’n verduideliking verwag, maar sal jou uittog dophou. Soms moet jy jou duur snoeiskêr inboet. Andersins kan jy dalk gelukkig wees om later, wanneer hy weg is, jou snoeiskêr te gaan herwin.

Wanneer hulle herstel het van hul woede oor jou oortreding, is grondeienaars gewoonlik vergewensgesind en inskiklik om te gesels, dikwels met ’n gepaardgaande uitnodiging om terug te keer vir ’n ete, of om oor te bly; so ’n uitnodiging sal welkom wees as die weer swaar geword het, maar indien nie, word die gasvryheid van die plattelanders sodanig geïllustreer dat die geleentheid om jou passie, jou plantversameling, voort te sit, dikwels verhoed word deur jou onvermoë om jou potensiële gasheer te oortuig dat jy eintlik besig is met jou werk en nie op hierdie stadium kan kuier nie. Gasvryheid is ’n ernstige botaniseringslaggat. As jy ek sou wees, is daar ’n verdere struikelblok, eie aan die vroulike vorm van die ras, want jou gasheer sal ook intens nuuskierig wees oor jou huislike lewe. Hoekom is jy nie by die huis besig om vir jou man aandete te kook nie? Hoekom flenter jy rond met twee klaarblyklik hubare jong manne sonder ’n verantwoordelike reisgesel? ’n Middeljarige, vroulike, eggenootlose ‘rooinek, nogal’ ’n plantkundige, hoort nie tuis in ’n plattelandse kultuur nie. Dat jy ’n passie het vir die versameling van ‘veldbossies’, is ongelooflik. Met die veronderstelling dat jy kan wegbreek met niks meer as ’n paar ‘doppe’ nie, sal jy gewoonlik vind dat hy jou versoek om geskrewe toestemming om plante op sy plaas te versamel, met ’n handgebaar goedkeur. Jy het wel toestemming, maar niks van die wettige papierwerk nie, maar jy moet maar daarsonder aangaan. En dis ’n lang pad terug na waar jy jou skatte versteek.

Dit sal nou laat wees; jy het nog geen kampplek nie, jy moet nog jou versamelings pars en jou veldnotas skryf voor jy bed toe gaan. Dit is dikwels nie lank voor middernag dat jy jou oë kan sluit nie. Maar die vryheid wat jy geniet om te kan besluit waar jy jou te ruste wil lê, is een van die vreugdes van veldwerk. Ek het op vele wonderlike plekke geslaap, altyd wild, nooit in kampplekke nie, gewoonlik ver van mense af. Om te luister na die stem van Maria Callas of groot simfoniemusiek, terwyl jy op 'n Jeeppaadjie bo-op die rug van die Swartberg sit met 'n glas Kaapse wyn, omring deur fynbosglorie van weleer en jy die son sien ondergaan , moet net 'n onoortreflike ondervinding wees. Ek het 'n blaasoppie-padda se steunroep gehoor, skaars 'n voet of twee onderkant my kop toe ek in die Knersvlakte geslaap het; jy ontwaak op 4000' teen ryp-ysige dagbreek in 'n bergwagtershut op die Kammanassieberg en breek ys op die water in die slootjie om vlugtig te was voor jy 'n populasie van 'n ontwykende Agathosma, in 1810 laas gesien, opspoor; halfpad op in Van Rhynspas is 'n aftrekplek waar die laaste kampaandete berei word, bestaande uit Hollandaise-sous met bestanddele : oorskietknoffel,botter,eiers en asyn oor die laaste aartappels. Ons moes later erken , 13 huisies knoffel was waarskynlik te veel! Die sonsondergang was pragtig.

Die vreugde om werklik-onontginde veld te verken, is onoortreflik. Lewenslus groei met elke tree wat jy gee. Om 'n plant wat groei op 'n plek waar die oorspronklike versamelaar dit, in dieselfde seisoen 'n honderd jaar tevore aangeteken het, bly vir my 'n lagwekkende verwondering : 'n absolute genot, en deesdae 'n seldsame een. Te veel veld word opgebruik, die fynbos omskep in onkruid of graanoeste. Die meeste veldtoere word deesdae bederf deur woede oor die lot van ons botaniese nalatenskap. Ongehinderde fynbos is nou hoofsaaklik beperk tot hoër berghange, onbekombaar vir skape en bokke. Waarskynlik sal daar in ons leeftyd geen onontginde plekke oorbly om te verken nie.

Die vergoeding van my werk was swak, maar die byvoordele onoortreflik en soos Angus, my eggenoot, al dikwels geïrriteerd gesê het, "jy sou dié werk gedoen het,al was dit onbetaald". Hy is 'n rekenmeester, kenner op die gebied van inkomstebelasting-wetgewing en die administrasie van gestorwe en insolvente boedels..... Ek verlang na veldtoere. **Anne Bean**

'N 'BLOU BOBARTIA'!

In Fernkloof is daar 5 Brobartia-spesies – almal met geel blomme, maar het julle geweet dat daar ook 'n variëteit met blou blomme bestaan?
'n Ekspedisie deur lede van die Bolvereniging van Suidafrica na die bolope van die Baviaansrivier in Bainskloof, het uitgeloop op die ontdekking van die pragtige *Bobartia lilacina.* In plaas van die normale groep heldergeel blomme aan 'n stingel, het hierdie spesie 'n enkel blou tot ligpers blom en die blomstele is buitengewoon taai.

Foto: Rod Saunders.

WAT BLOM IN FERNKLOOF?

Amphithalea virgata

Drosera trinervia

Amphithalea virgata, van die Fabaceae-familie, is 'n meerjarige uitloperstruik met 'n hoogte van tot 30cm, met smal erika-agtige blare. Hulle word aangetref teen berghange en het aantreklike skerppuntige pienk blomme vanaf Mei tot September. Hierdie spesie word in die Rooilys van Suid-Afrikaanse plante beskryf as kwesbaar. Fernkloof beskik oor 5 spesies Amphithalea.

Drosera trinervia, van die Droseraceae (Sundew) familie, word op moerasagtige turfgrond teen hange aangetref. Hulle het treffende basale rosette van wigvormige blare. Die blare van hierdie insekvretende plante is oortrek met klieragtige tentakels, elk waarvan 'n druppel taai vloeistof aan die punt voorkom. Jy mag gelukkig genoeg wees om die delikate, porseleinagtige wit blommetjies (soms pienk) wat van Julie tot November blom, te sien. Daar is 7 Drosera spesies in Fernkloof.

Freesia alba

Syncarpha canescens

Freesia alba, van die Iridaceae-familie, blom in Junie en Julie en word gewoonlik al langs die kus aangetref waar hulle in die skadu van plante langs die Kranspaadjie wegkruip. Die aantreklike wit blomme het 'n soet geur en die onderkant van die kroonblare is dikwels perserig gekleur. Die styl is lank en steek bo die kelk uit met diep verdeelde takke. Daar is slegs een spesie in Fernkloof. Die verbastering van ons Suid-Afrikaanse freesias het tot gevolg elegante, langsteel, helderkleurige blomme wat hulle baie gesog maak in die hedendaagse kommersiële snyblomnywerheid.

Die helderpienk skutblare van*Syncarpha canescens*, die 'Pienk sewejaartjie' kan nou gesien word waar hulle teen die droër hange blom. Die plant het grys, sagte-tekstuur blare. In Fernkloof is daar ses spesies Syncarpha.

Sandy Jenkin

HET JULLE GEHOOR?

• Die Fernkloof Kwekery se Paasverkoping het die bedrag van R 26,999.00 opgelewer, wat, in aggenome die waterkrisis, merkwaardig is. Jack wil graag 'n hartlike woord van dank rig aan die baie vrywilligers wat hom met die verkoping gehelp het. Die langtermyn weervoorspelling dui op goeie reëns, dus behoort dit 'n goeie tyd te wees om daardie vervalle tuine in orde te kry om die plante deeglik te vestig voor die volgende droë somer.

• Sou julle dalk wonder wat op aarde die fluoor-groen naamlose etikette in die Fernkloof tuine te kenne wil gee: dit is 'n geheime kode, gerig aan die plaaslike bobbejaantrop om hulle op die hoflikste moontlike manier te versoek om die knoppe aan die *Protea cynaroides* asseblief uit te los, en hulle nie as babasokkerballe te gebruik nie. Die monitors is ingelig omtrent hierdie geheime missie!

• 'n Vlindersensus is van 23 April tot 1 Mei hierdie jaar gehou en die doel is om dit tweejaarliks te doen.
Vlinders is baie goeie aanduiders van ekostelselgesondheid en Suid- Afrika het omtrent 800 spesies waarvan ongeveer 10% bedreig word deur uitwissing. Tussen 200 en 230 spesies kom in fynbos voor. 'n Vlinder wat dikwels in Fernkloof Tuine gesien word, is die Tuin Acrea (links) waarvan die larvale voedselplant, die Wilde Perske, *Kiggelaria africana,* is.

• Soos in die vorige uitgawe van Herbs se nuusbrief berig is, moes die Kirstenbosch/Suid-Afrikaanse deelname aan die Chelsea Blommeskou gekanselleer word as gevolg van 'n gebrek aan fondse. Die goeie nuus is dat die Wes-Kaapse Regering en die Suid-Afrikaanse Gouemunt-beurs as borge tot redding van die uitstalling toegetree het en teen die tyd dat hierdie uitgawe ter perse gaan, sal Suid-Afrika hopelik al reeds nog 'n goue medalje verwerf het!

• Drie jaar na die brand word klein plantjies van *Erica spumosa* waargeneem waar hulle by Klipspringerhoek uit die krake in die rotse groei. Die spesienaam '*spumosa'* beteken 'vol skuim' en verwys na die skuimagtige blomstingels.

• Bruniaceae, 'n familie endemies aan die Suidwes-Kaap, het twee verwante families, Brunia en Berzelia. Hoe bepaal jy die verskil? Brunia het twee style wat verby die vyf kroonblare uitsteek, terwyl Berzelia net een het. Alle lede van die familie het blare wat in 'n swart puntjie eindig.
Die familie Berzelia vereer die Sweedse apteker Berzelius. Sommige spesies het 'n helder rooi aanhangsel aan die blomsteel (soos, byvoorbeeld, ons *Berzelia abrotanoides*) ander weer nie. Niemand weet waarom nie.

Brunia albiflora

Berzelia abrotanoides met rooi aanhangsel

Fernkloof se Aalwyntuin is 'n Plek om te besoek

Onthou om hierdie winter 'n besoek aan die Aalwyntuin in Fernkloof te bring waar 'n groot en interessante verskeidenheid aalwyne en vetplante hul treffende blomme oor die volgende paar maande gaan vertoon. Erich Kuschke was verantwoordelik vir die aanplant en onderhoud van die tuin oor die afgelope tien jaar, aanvanklik deur die skenking van sy privaat versameling Aalwyne, en dan die versamel daarvan op sy reise deur Suidelike Afrika. Van die 126 aangetekende Aalwynspesies landwyd, kom slegs 20 in die winterreënvalstreek voor.
Dank aan Erich vir sy grootse pogings!

Aloe thraskii

Cotyledon orbiculata

DAGBOEKDATUMS

17 Junie
Rosanne Stanway sal oor die boeiende onderwerp "Plant Pollinator Interactions and Implcations of Global Change on Pollination Web Structure" ('Plantbestuiwer-interaksies en Implikasies van Globale Verandering op Kruisbestuiwing-struktuur') praat.

15 Julie
BOTSOC(BOTVER) se sop-en-sjerrieaand.

19 Augustus
Lynda de Wet, gevierde Botaniese Kunstenaar en wenner van die Kirstenbosch Botaniese Biënnale Goue Medalje in 2010, sal 'n geïllustreerde praatjie aanbied.

22-25 September
Hermanus Blommeskou

Alle praatjies word op die derde Vrydag van die maand om 19h00 in die Fernkloof saal aangebied.

Baie dankie aan André van der Spuy vir die vertaling
Ons verwelkom enige bydraes tot/terugvoer op die nuusbrief.
Fotografiese bydraes: Anne Bean, Lee Burman, Sandy Jenkin, Rod Saunders, Christine Wakfer

Redakteur: Sandy Jenkin
Redaksionele assistente: Geraldine Gardiner, Christine Wakfer, Lee Burman
Hermanus Botaniese Vereniging
Privaatsak X16
Hermanus 7200
Tel: 028 313 0819
botsochermanus@telkomsa.net